



NATIONALE ONDERWYSRAAD
NATIONAL EDUCATION COUNCIL

Telegramme | "Adviesraad"
Telegrams |
Telefoon | 3-3114
Telephone | 3-3117

Privaatsak | 298,
Private Bag |
PRETORIA.

VRYSTELLING:

19/2/1971
om 11 nm.

HENDRIK VERWOERD-TOEKENNINGRELEASE19/2/1971 at 11 p.m.DR. A.J.A. ROUX EN DR. W.L. GRANTMotivering deurPROF. H.B. THOM, VOORSITTER, HENDRIK VERWOERD-TRUST(Kaapstad, 19 Feb. 1971)

Die Hendrik Verwoerd-Toekenning sal ongetwyfeld altyd as een van die vernaamste en eksklusiefste ere-toekenninge in Suid-Afrika bekend staan. Dit omvat 'n groot goue erepenning wat vir die ontvanger seker 'n besondere besitting sal bly, 'n kleiner goue erepenning wat deur die ontvanger by geskikte geleenthede gedra kan word, en bowendien 'n aansienlike kontantuitkering aan die ontvanger.

Wie hierdie toekenning te beurt val, kom daarmee in die geselskap van 'n uitgelese groepie Suid-Afrikaners. Dit is reeds driekeer toegeken. Die eerste keer aan dr. M.S. Louw, welbekende Afrikaner-ekonoom, vir omvattende en belangrike werk op die ekonomiese terrein; die tweede keer aan wyle dr. H.F. Verwoerd, staatsman en leier van groot formaat, vir sy beslissende rol in verband met die vestiging van 'n republiek in Suid-Afrika; en die derde keer aan dr. C.N. Barnard, beroemde Suid-Afrikaanse hartchirurg, vir sy opspraakwekkende wetenskaplike prestasie wat hy met die eerste oorplanting van 'n menslike hart gelewer het.

/2.....

Vir die Hendrik Verwoerd-Trust, en vir elkeen van die Trustees persoonlik, is dit rede tot groot vreugde dat hulle vanaand die vierde toekenning kan maak. Dit neem die vorm aan van 'n gesamenlike toekenning aan twee manne, wat in hulle werk onafskeidbaar aan mekaar verbonde is en in hulle prestasie vir mekaar onmisbaar was en is, twee manne wat bowendien in hulle stille nederigheid en selfverloënde toewyding 'n besielende voorbeeld stel. Dit is vir ons 'n genoeg dat ons die toekenning kan maak aan ons twee hoof-eregaste hier aanwesig: dr. A.J.A. Roux en dr. W.L. Grant.

Dr. Roux, afkomstig van Bethlehem in die O.V.S., was 'n briljante student wat die grade B.Sc., M.Sc. en D.Sc., met hoofstudierigting Werktuigkundige Ingenieurswese, aan die Universiteit van die Witwatersrand behaal het. Hy was agtereenvolgens lektor in Werktuigkundige Ingenieurswese aan die Universiteit van die Witwatersrand en senior lektor in dieselfde vak aan die Universiteit van Stellenbosch.

Na enige jare op Stellenbosch, waar hy 'n belangrike aandeel gehad het aan die vestiging en opbou van die Stellenbosse Fakulteit van Ingenieurswese, is hy in 1946 as Hoofnavorsingsbeampte van die Bounavorsingsinstituut van die W.N.N.R. aangestel. Op wetenskaplike gebied het hy vervolgens buitengewone opgang gemaak: hy word Direkteur van die Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium, Direkteur van die Nasionale Instituut vir Werktuigkundige Ingenieurswese, Vice-president van die W.N.N.R., Direkteur-Generaal van die Raad op Atoomkrag en eindelik President van die Raad op Atoomkrag, welke posisie hy tans nog bekleed.

Dit is veral in sy werk in verband met die Raad op Atoomkrag dat hy diens van onskatbare waarde aan Suid-Afrika gelewer het, en nog steeds lewer. Ons nasionale kernenergieprogram is opgebou op die

/grondslag

grondslag wat hy in 1958 gelê het; en sedertdien het hy die leier en inspirasie van die hele program gebly. Ons groot Kerninstituut by Pelindaba, en die wetenskaplike studies wat daar die lig gesien het, is grotendeels die gevolg van sy voorbeeld en leiding.

Hier mag bygevoeg word dat hy meer bepaald ook vir die Suide van ons land van regstreekse betekenis was. Afgesien van sy werk op Stellenbosch, het hy vir die twee groot suidelike universiteite, Stellenbosch en Kaapstad, 'n ware krag geword in soverre hy aktief meegewerk het aan die stigting van die Kerninstituut van die Suidelike Universiteite. Hy het self in die Beheerraad van die Instituut gedien, waar hy met insig, begrip en deursettingsvermoë gehelp het om kwellende probleme op te los, en aldus het hy veral in die moeilike beginjare 'n uiters waardevolle bydrae gelewer om hierdie inrigting 'n ware wetenskaplike verlengstuk van die suidelike universiteite te maak.

Naas dr. Roux het ons dr. Grant. Walter Lawrence Grant is van geboorte en herkoms Wes-Transvaler, ofskoon hy as seun ook 'n hele aantal jare in Suidwes deurgebring het. Na die Tweede Wêreldoorlog het hy aan die Universiteit van die Witwatersrand gaan studeer, waar hy die B.Sc.-graad in die Ingenieurswese behaal het.

Daarna het hy indiens getree by die W.N.N.R., meer bepaald by die Nasionale Bounavorsingsinstituut, waarvan dr. Roux toe die hoof was. Vervolgens verwerf hy die M.Sc.-graad (Toegepaste Wiskunde) aan die Universiteit van Pretoria, en is hy baie aktief in die Navorsingseenheid vir Werktuigkundige Ingenieurswese van die W.N.N.R. Op grond van sy suksesvolle studie en navorsing ken die Universiteit van die Witwatersrand in 1957 aan hom die Doktorsgraad in die Ingenieurswese toe.

In dieselfde tyd het hy dr. Roux opgevolg as Direkteur van die

/Nasionale

Nasionale Navorsingsinstituut vir Werktuigkundige Ingenieurswese; en enkele jare later word hy Hoofingenieur van die Raad op Atoomkrag. Daarna volg 'n tydperk van studie in verband met kernwetenskap in die buiteland, wat die onmisbare voorbereiding was vir dr. Grant se werk aan die nuwe proses van uraanverryking. Inmiddels het die R.A.K. sy waarde terdeë erken en nie geaarsel om hom welverdiende promosie te laat toekom nie. Hy is gepromoveer van Hoofingenieur tot Adjunk-Direkteur-Generaal, daarna tot Direkteur-Generaal en vervolgens tot Adjunk-President, 'n posisie waarin hy tans nog staan. In laasgenoemde twee hoedanighede het hy hoofsaaklik aan uraanverryking aandag geskenk, 'n werk wat weldra vrywel al sy tyd in beslag geneem het.

→ These are the two men to whom we pay tribute tonight. Let us take a brief look at their exceptional achievement, let us take note of its significance, and let us place the work of these two men in true perspective.

Their scientific achievement called for years of patient, painstaking, confidential preparatory activity, and it was considered of such importance that the Prime Minister took it upon himself to make an official announcement in the House of Assembly on 20th of July of last year. The Prime Minister stated: "Scientists of the Atomic Energy Board have succeeded in developing a new process of uranium enrichment, as well as the complicated relevant technological procedures South African scientists have in this way once again won renown for South Africa. They have in the past made great contributions to science, but that which I announce today may be unsurpassed in the history of this country". The Prime Minister stated also that a comparatively large number of scientists and technicians had made contributions, and he then proceeded to say: "I wish to mention the names of the two who were from the outset connected with

/this

this work, and who are still now in the forefront. They are Dr. A.J.A. Roux and Dr. W.L. Grant."

It appears that Dr. Roux called together his divisional heads a few years ago and requested them to devote special attention to possible new processes of uranium enrichment. The impelling necessity of this he realised only too clearly, seeing that South Africa is one of the most important uranium producing countries, that there is a very keen demand for enriched uranium in certain countries, and seeing also that the known processes of uranium enrichment are so enormously costly that South Africa would simply not be able to afford them. Dr. Roux launched the project, he guided the whole development, he determined in broad outline the course to be adopted, and he made the necessary provision for the continued progress of the work.

By the side of Dr. Roux, and loyally supporting him, we find Dr. Grant. We pay tribute to Dr. Grant for the fact that he suggested the new process, and that thereafter he took it upon himself personally to guide and coordinate the research programme. He must to a very great extent be credited with the scientific success already achieved, viz. that the new process has been proved feasible in the laboratory stage. It is in a large measure due to his initiative and drive that steps are now being taken to erect the necessary plant and works in order to produce enriched uranium in successful competition with the processes applied by other countries.

It is important to note that South Africa is now placed, in so far as work in this scientific area is concerned, in the company of countries like the United States, Britain and France; and the possibility has been opened for us in the course of time to produce enriched uranium by means of our own unique process, more economically than the countries just mentioned. In this way the Republic, with

/its.....

its great potential of uranium, can acquire an enormous new source of energy and, at the same time, become an important producer and supplier of nuclear fuel. True enough, we are called upon to guard with honesty and frankness against irresponsible optimism, and to realize also that there is still a very hard and long way ahead before we can claim to be a real force in the nuclear world. Nevertheless, there can be no doubt that Dr. Roux, Dr. Grant and their assistants have achieved a scientific breakthrough which has ~~caught~~ ^{captured} the attention of nuclear scientists of the world and opened fine and promising vistas for the Republic of South Africa.

→ Abraham Johannes Andries Roux, u het op uitnemende wyse vol-
doen aan die vereiste wat vir die ontvanger van die Hendrik
Verwoerd-Toekenning gestel word, t.w. dat hy buitengewone diens van
nasionale betekenis moet gelewer het. Namens die Trustees, en
ooreenkomstig die Statuut van die Trust, oorhandig ek hiermee aan
u die Hendrik Verwoerd-Toekenning. Ek wens u van harte geluk;
ek wens u sukses en vreugde toe op u toekomstige wetenskaplike
arbeid.

→ Walter Lawrence Grant, you have satisfied in an excellent way
the requirement which is laid down for a receiver of the Hendrik
Verwoerd Award, viz. that he must have rendered exceptional service
of national significance. On behalf of the Trustees, and in
accordance with the Statute of the Trust, I herewith present to
you the Hendrik Verwoerd Award. I congratulate you most sincerely;
I wish you success and happiness in your future scientific en-
deavours.

H.B. THOM